Tema: Vrede lê nie in verstaan nie maar in vashou aan die Here.

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 42-1: 3, 5
Votum
Seën
Lofsang Sb 5 - 4: 1, 2, 5, 6
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Matteus 27: 32 - 50
Teksvers: Mat. 27: 45 - 46
Sing Sb 5-1: 4, 6, 7
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Geleentheid vir lidmate om te reageer op die Woordverkondiging
Sing Sb 14-2: 1
Seën
Amenlied

Geliefde brs. en srs en kinders

Ons staan met die wintervakansie alreeds in die middel van nog ’n jaar in ons lewe. En alreeds het daar hierdie halfjaar baie dinge gebeur. Dinge in ons gemeentelike lewe maar ook baie dinge in ons persoonlike lewens. En wanneer mens daaroor nadink dan loop jou gedagtes sommer ver paaie met jou!

’n **Mens dink oor die verloop van jou lewe – die pad wat die Here met stap.** Jy dink aan die **moeilike tye wat** jy moes deurmaak. Jy dink dalk **aan geliefdes wat jy moes verloor** of aan **geweldige beproewinge** wat jy moes deurmaak. Jy dink aan planne wat jy gemaak het en wat nooit gerealiseer soos jy gehoop het nie.

’n Mens dink aan **geleenthede** waarop jy gehoop het en wat nooit na jou kant toe gekom het nie. Miskien aan keuses wat jy moes maak en waaroor jy vandag spyt is. Jy dink dalk terug aan groot sakegeleenthede wat op jou pad gekom het en wat dalk misluk het of jou nie beskore was nie.

Jy dink aan **diep teleurstellings** wat jy moes beleef. **Teleurstellings in jouself** of dalk **mense** na aan jou wat jou diep teleur gestel het. Mense wat jou te na gekom het of dalk mense wat jou met opset leed aangedoen het. Jy dink dalk aan jou huwelik wat nie altyd is soos jy gehoop het dit sal wees nie. Of jy dink aan jou kinders wat nie uitgekom het by dit wat jy vir hulle gehoop en gebid het nie.

’n Mens dink ook aan jou **geloofslewe** – hoe jy met tye so sterk in die geloof gestaan het en ander kere hoe swak en feilbaar jy was - dat jy die Here in die steek gelaat het.

Br en sr, miskien beleef jy op die oomblik so ’n diep beproewing of teëspoed of worsteling in jou lewe. **Dan sal jy ook weet dat die moeilikste deel van enige beproewing, teëspoed of mislukking is die worsteling om te verstaan**. Waarom en hoekom gebeur dinge soos hulle gebeur?

’n Mens kan baie dinge te bowe kom, jy kan finansiële terugslagte oorleef, jy kan mense se optrede van venyn, kwaad of wat ook al deurstaan, jy kan na die dood van ’n geliefde weer aangaan, maar dit wat hier binne jou bly vreet: is die feit dat jy dit nie verstaan nie. **Die swaarste is om nie te begryp waarom en hoekom nie – en om daarmee saam te leef.**

En daarom wil die Here vanaand vir ons sê: jou vrede oor dinge in jou lewe lê nie in verstaan nie maar in jou vashou aan die Here.

Met hierdie gedagte wil die Here vandag vir ons perspektief bring op die gebeure van ons lewe – daardie dinge waarmee ons so worstel om te verstaan.

Geliefdes, **die Here Jesus se eie worsteling aan die kruis om te verstaan wat besig is om met Hom te gebeur, juis daardie worsteling is die bron van ons troos**.
Wat is besig om hier te gebeur? Kom ons sê by voorbaat dat ons dit vanaand nie heeltemal sal kan peil nie. Ons sal hierdie gebeure nooit heeltemal kan verstaan nie. Hoe kan Christus - wat tog self God is - deur God verlaat word? Dit is iets onbegrypliks en tog is dit die bron van ons troos.

Br. en sr., hierdie kruisworsteling van ons Here Jesus Christus, hierdie waaromvrae, hou verband met die drie ure duisternis wat oor Golgota gekom het. Daardie duisternis is die **simbool van God se oordeel oor die sonde van die mensd**om. Amos het al geprofeteer van dag van donkerte en duisternis wat sal aanbreek as God die sonde straf. Sy verwysing het op Golgota in vervulling gegaan en sal natuurlik op die oordeelsdag finaal in vervulling gaan as die ongelowiges die ewige duisternis sal ontvang.

Maar hier aan die kruis **word Christus gestraf vir die sonde van die mens**, sodat die wat in Hom glo gered kan word. Hier gebeur ’n onverstaanbare ding: ’n **onskuldige mens word gestraf vir die sonde van ander skuldige mense**.
En nou moet ons onthou: wat is die gevolg van sonde in ’n mens se lewe? Dit bring verwydering, afstand tussen jou en God. Wanneer jy sondig is jy ver van God! **Hier in die donkerte ervaar Christus iets wat Hy nooit geken het nie. Nog nooit was daar verwydering tussen Hom en Sy Vader nie want Hy het nooit in sy lewe gesondig nie.**

Hy het baie pyn en smart in sy lewe gely. Hy moes vernedering, verwerping, teenkanting, vyandskap en verraad deurmaak, maar nooit was Hy daarin van God verlaat nie. **Maar nou, hier aan die kruis word ons sonde aan Hom gestraf en nou ervaar Hy iets wat Hy nie ken en verstaan nie – om van Sy Vader verlaat te wees. Dit was sy worsteling in daardie drie ure donkertes terwyl die haat en woede van sy Vader oor die sonde van die mens op Hom neergekom het.**

Die straf was dat Hy **alleen moes stry en moes sterf ter wille van ons sonde.** So was Hy dan inderdaad van God verlaat – daarom sê die geloofsbelydenis ook dat hy neergedaal het na die hel. Hy was nie fisies in die hel nie, maar omdat Hy van God verlaat was het dit vir Hom gevoel asof Hy in die hel is. Ons Nagmaalsformulier beskryf dit mooi met die woorde “Hy het helse pyn en smart en Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: My God my God waarom het u my verlaat?”

Die Godsverlatenheid was Jesus se worsteling daar aan die kruis in die duisternis – **dit kon Hy na sy mensheid nie verstaan nie.** Br. en sr, Hy vooraf goed geweet wat vir Hom voorlê – daaroor het Hy geworstel in Getsemané, maar tog – toe dit gebeur: die straf – van God verlate – heeltemal alleen en daarom die worsteling as mens “Waarom Vader, waarom?
En Hy het geen antwoord gekry nie. .....! Hierdie keer is daar nie ’n stem uit die hemel tot troos nie! Nee - nie die stilte van alleen wees en ly in die donkerte van God se straf.

Brs. en srs. ons troos lê hierin dat Christus dit ter wille van ons gedoen het. Hy was alleen gelaat in sy lyding en worsteling, sodat ek en jy nooit alleen sal wees nie. Ons troos lê daarom nie om alles in ons lewe te verstaan nie en om antwoorde op al ons vrae te kry nie – **maar in die feit dat God ons nooit verlaat nie**. **Deur alles – elke beproewing, elke versoeking, elke worsteling wat ek en jy kan beleef – daarin hou Hy ons vas en gee Hy ons die krag om dit alles te dra en te verwerk – sonder dat ons dit noodwendig moet verstaan.**

Hierdie belofte dat ons nooit weer alleen gelaat sou word nie, is vervul in die wonder van die **Heilige Gees wat** in ons kom woon het. Hy word om hierdie **rede ons Trooster genoem** – Hy is by ons en Hy troos ons met sy helende en kragtige werk. Wanneer daar twyfelvrae of opstand in my hart kom oortuig die Gees ons van God se liefde en bystand deur alles in ons lewe. Wanneer ek in my soeke vas bid teen die plafon en dit vir my voel of God nie antwoorde wil gee nie – dan hou die Gees my vas en bid Hy vir my!

Geliefdes, natuurlik kry ons, anders as Christus, tog ook antwoorde op baie van ons lewensvrae. Soos wat die lewe vorder en ons insig kry en groei in die geloof kom daar tog baie antwoorde. Dat dit of dat moes gebeur sodat ons dit of dat kon kry of nie kon kry nie. Die Heilige Gees se werk is dan ook juis om ons te herinner aan God se Woord en om dit vir ons duidelik te maak.

Maar tog is daar **baie vrae wat onbeantwoord bly en nou is ons troos: ons is nie alleen nie –** God staan in Christus by ons. Hy maak ons lewe ten spyte van die onbegryplikheid van die seer daarin – nog steeds elke dag sinvol.

Sinvol omdat ons aan God kan bly vashou soos Christus: sy vrae was immers aan sy Vader gerig en let op die intieme aanspreekvorm: "M**y God, my God** , waarom.....?" Hy soek om te verstaan en Hy houvas aan sy Vader. In sy nie-verstaan draai hy nie sy rug op God nie – maar bid en worstel met Hom daaroor.

En hierin gee Hy vir ons die voorbeeld: br. en sr, **al is daar hoe baie vrae wat in jou lewe onbeantwoord bly, bly in geloof by God soos Hy by jou bly: en daarom kan en mag jy ook vra: my God waarom?**

Geliefdes, **dit is hierdie bly by God, dit is hierdie gelowig vashou aan God, hierdie daaglikse omgang met God wat ons troos en krag gee. En dit is hierdie nabyheid wat Christus vir ons daar in die donkerte aan die kruis , my sy alleenheid verwerf het. God is by ons – dit is ons troos en dit gee vrede.**

Nou weet ons ook dat al die beproewinge en terugslae wat ons beleef <u>nooit God straf op</u> ons sonde is nie. Moenie terwyl jy beproef word – ooit dink God straf jou vir een of ander misstap in jou lewe nie. Nee – Christus het volkome vir jou sonde betaal! Bring jou sonde na God en Hy vergewe jou omdat Christus in jou plek gestraf is. Dit is tog diepe troos.

Ja, al bly daar baie onbeantwoorde vrae – beteken dit nie dat ons alles verloor nie. Want Christus, br. en sr, het nie net gely en gesterf en so vir ons betaal nie**. Nee, deur sy worsteling het daar vir Hom ook oorwinning gekom.** Sy Vader het Hom uit die dood opgewek. Die duisternis aan die kruis het ook gewyk na drie ure en daarna het Hy gesterf. Maar die duisternis van die dood het ook gewyk en op Sondagmore het die lig weer vir Hom deurgebreek.

En dit is ook jou en my troos – na die duisternis van beproewing, van worsteling en van nie-verstaan sal ook vir ons nuwe lig en verstaan aanbreek. Wanneer Christus weer kom en ons in God se teenwoordigheid verkeer – dan sal ons ten volle verstaan. Dit is God se belofte.

Brs en srs, as jy dus so oor jou lewe na dink, dank die Here vir sy bystand, sy vashou en sy krag dat jy deur alles staande kon bly. En as jy nie verstaan nie, bly by God met jou waarom vraag en weet: eendag sal jy verstaan. Vrede kom nie deur verstaan nie maar deur aan God vas te hou.

Amen